**Dinsdag 9 Augustus**

**Skrifgedeelte: Handelinge 1:1-14; HK Sondag 18, Vraag 46**
**Fokusgedeelte: Handelinge 1:9-13**

## Met 'n belofte vaar Jesus op

Jesus se hemelvaart is van soveel belang dat Lukas aan die begin van Handelinge hierdie waarheid vermeld. Hy skryf oor Jesus se optrede voor en ná sy hemelvaart. Hierdie gebeurtenis, wat voor die oë van sy dissipels plaasvind, bring 'n draaipunt in die geskiedenis.

Die volk dink dat Jesus gekom het om die koninkryk van Israel weer op te rig. Hulle soek 'n aardse koning vir hulle eie belang. Jesus gaan dié verwagting ver oortref. Hulle soek 'n koninkryk – God laat die Heilige Gees oor hulle kom. Meer nog, ons word sy getuies oor die hele wêreld.

In die kern van die gebeure staan Jesus se hemelvaart. Dit vind sigbaar plaas sodat die feitelikheid daarvan aangeteken word. Soos in die Ou Testament, is die wolk die teken dat God daar teenwoordig is. Die gebeurtenis beklemtoon God se majesteit. Dit dien as bevestiging dat God sy Raadsplan uitvoer. In Johannes 14 vertel Jesus breedvoerig waarom Hy moet weggaan. Sy vertrek berei die wêreld vir die uitstorting van die Heilige Gees voor. So kom God onder ons woon.

Die twee mans in wit klere verskyn skielik. Hulle boodskap is gesagvol. Hulle vestig die aandag op Jesus se optrede. Hulle boodskap is vol troos – Jesus sal net so terugkom. Hierdie belofte laat die dissipels na Jerusalem toe teruggaan. Hulle het almal eensgesind in gebed volhard. Met blydskap vergader hulle saam met Jesus se broers en 'n aantal vroue.

Hierna vind die uitstorting van die Heilige Gees plaas en beleef die uitbreiding van die blye evangelie ongekende groei.

Christus belowe dat Hy aan die einde weer op die wolke kom. Leef verlangend en voorbereidend vir daardie dag!

*Sing: Skrifberyming 6-1:1, 2, 5*

*Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)*